MUNISIPALITEIT THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY

[15 MAART / MARCH 2016]

KENNISGEWING / NOTICE

SPESIALE RAADSVERGADERING / SPECIAL COUNCIL MEETING

A G E N D A

DATUM / DATE : 23 MAART / MARCH 2016

PLEK / VENUE : RAADSAAL / COUNCIL CHAMBERS CALEDON

TYD / TIME : 14:00

MUNISIPALITEIT THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY

Kantoor van die Munisipale Bestuurder
Munisipale Kantore
CALEDON

15 Maart 2016

KENNISGEWING AAN ALLE RAADSLEDE

SPESIALE RAADSVERGADERING VAN DIE THEEWATERSKLOOF MUNISIPALE RAAD

Kennis geskied hiermee dat 'n Spesiale Raadsvergadering geskeduleer is vir Woensdag 23 Maart 2016 om 14:00 in die Raadsaal om die onderstaande agenda te behandel.

Raadslede se aandag word gevestig op die Gedragskode vir Raadslede en Munisipale Beamptes, Bylae 1 & 2 van die Wet op Plaaslike Regering : Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000).

HSD WALLACE
MUNISIPALE BESTUURDER

MUNISIPALITEIT THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY

Office of the Municipal Manager
Municipal Offices
CALEDON

15 March 2016

NOTICE TO ALL COUNCILLORS

SPECIAL COUNCIL MEETING OF THE THEEWATERSKLOOF MUNICIPAL COUNCIL

Notice is hereby given that a Special Council Meeting is scheduled for Wednesday 23 March 2016 at 14:00 in the Council Chambers to discuss the undermentioned agenda.

The attention of Councilors is directed to the Code of Conduct for Councilors and Municipal Officials, schedules 1 & 2 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000).

HSD WALLACE
MUNICIPAL MANAGER

ITEM NR	ITEM BESKRYWING / DESCRIPTION	BLADSY / PAGE NR
SR13/2016 SC13/2015	1. WTB Wiele Trust: Aansoek om vermindering van eiendomsbelasting op Erf 2705 Villiersdorp 2. Aansoek om wysiging van Raadsbesluit R119/2013 [7/2/3/2/6; 5/3/1/3] 1. WTB Wiele Trust: Application for reduction of property rates on Erf 2705 Villiersdorp 2. Application for amendment of Council Resolution C119/2013	279 – 288
	AFDELING : GOP / DEPARTMENT : IDP	
SC14/2016 SR14/2016	Oversight Report in respect of the 2014/2015 Annual Report for Theewaterskloof Municipality [9/1/1] Toesigverslag oor die 2014/2015 Jaarverslag vir Theewaterskloof Munisipaliteit	289 – 326
O.	**VERSLAE VOORGELê DEUR DIE DIREKTORAAT FINANSIëLE DIENSTE / REPORTS PRESENTED BY THE DIRECTORATE FINANCIAL SERVICES**	
	Geen / None	
P.	**URGENT MATTERS SUBMITTED BY THE MUNICIPAL MANAGER / DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER VOORGELê**	
Q.	**OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN MOSIES / CONSIDERATION OF NOTICES OF MOTIONS**	
R.	**OORWEGING VAN KENNISGEWINGS EN VRAE / CONSIDERATION OF NOTICES AND QUESTIONS**	
S.	**OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES / CONSIDERATION OF URGENT MOTIONS**	
T.	**VERDAGING ADJOURNMENT**	

ITEM HEADING/ITEM OPSKRIF

SC14/2016 MUNICIPAL PUBLIC ACCOUNTS COMMITTEE: OVERSIGHT REPORT IN RESPECT OF THE 2014/2015 ANNUAL REPORT FOR THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY

SR14/2016 MUNISIPALE KOMITEE OOR OPENBARE REKENINGE: TOESIGVERSLAG OOR DIE 2014/2015 JAARVERSLAG VIR THEEWATERSKLOOF MUNISIPALITEIT

[English version of the report is the original / Engelse weergawe van die verslag is die oorspronklike]

FILE NUMBER/LÊERNOMMER:

9/1/1

PURPOSE / AIM OF REPORT

To inform Council about the work of the Municipal Public Accounts Committee and to make a recommendation to Council as required in terms of Section 129(1) of the MFMA, Act 56 of 2003.

For purposes of considering this item, Councillors are requested to also refer to the Annual Report which was tabled on 25 January 2016.

DOEL VAN VERSLAG

Om die Raad mee te deel oor die werk van die Munisipale Komitee oor Openbare Rekeninge en om ingevolge artikel 129(1) van die MFMA, Wet 56 van 2003, 'n aanbeveling aan die Raad te maak.

Vir die doel van oorweging van hierdie item word Raadslede versoek om ook te verwys na die Jaarverslag wat op 25 Januarie 2016 ter tafel gelê is.

BACKGROUND

In terms of **Section 129(1)** the council of the municipality must **consider** the Annual Report of the municipality (and municipal entity under the municipality's sole and shared control), and must **adopt an Oversight Report** containing the council's comments on the Annual Report by no later than **two (2) months** from the date on which the Annual Report was tabled in the council. It must include a statement whether the council has:

- Approved the Annual Report with or without reservations;
- Rejected the Annual Report; or
- Referred the Annual Report for revision of those components that can be revised.

In terms of **Section 129 (2)** the Accounting Officer must:

- **Attend council and council committee meetings** where the Annual Report is discussed for the purpose of responding to questions concerning the report; and
- **Submit copies** of the Minutes of those Meetings to the Auditor-General, the relevant Provincial Treasury and the Provincial Department of Local Government.
- **Section 129 (3)** requires the accounting officer to **make public** an Oversight Report within seven (7) days of its adoption (in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act).

In terms of MFMA S127 (5): Immediately after the Annual Report is tabled in the council in terms of subsection (2), the accounting officer of the municipality must-

(a) (i) make public the Annual Report; and

(ii) Invite the local community to submit representations in connection with the Annual Report;

The Annual Report together with the Annual Financial Statements was submitted to the combined Performance- and Audit Committee on **22 January 2016** for consideration and comments.

The 2014/2015 Annual Report together with the Financial Statements was tabled at council on **25 January 2016** and advertised in the local newspapers from **26 January 2016 to 23 February 2016** for public comment. A copy of the advertisement is attached as **APPENDIX 1**.

A notice was place in the local newspapers on **26 January 2016** highlighting the meeting scheduled of the Municipal Public Accounts Committee and inviting the public to submit written inputs and/or present their inputs to the Municipal Public Accounts Committee at a public hearing scheduled for **03 March 2016**. A copy of the advertisement is attached as **APPENDIX 2**.

According to MFMA 129 (4) -The National Treasury may submit guidelines on –

(a) The manner in which the municipal councils should consider annual reports and conduct public hearings; and

(b) The functioning and composition of any public accounts or oversight committees established by the council to assist it to consider an annual report.

MFMA Circular Number 32 recommends the establishment of an Oversight Committee for the detailed analysis and review of the Annual Report, following its tabling in council, receiving and reviewing representations made by the public, inputs from councillors and council portfolio committees and then drafting an oversight report that may be taken to full council for discussion.

The members of the Municipal Accounts Public Committee are as follows:

Councillors:

Chairperson: Cllr J Hendricks
Cllr C Lamprecht
Cllr A Cupido
Cllr M Plato
Cllr N Pieterse

External Member: Chairperson of the Audit Committee – Mr. Lawrence

The Municipal Public Accounts Committee met on the following dates:

Date	Aim of Meeting	Venue	Time
09 February 2016	Pose questions to Management to get clarity on the contents of the Annual Financial statements and the Annual Report	Council Chambers	10h00
03 March 2016	Public hearings – The local community and any organ of state will be allowed to make representations on the annual report.	Council Chambers	10h00
08 March 2016	Preparation of the draft oversight report, taking into consideration the views and inputs of the public, representatives of the Auditor General, organ of states, Councils audit committee and Councilors.	Council Chambers	14h00

Minutes of proceedings at each session/meeting held are attached as **appendix 3.** The meeting that was scheduled for the **3 March 2015** was cancelled due to non-response, attached as **appendix 4.**

Comments received from the Provincial Treasury has been included as **appendix 5.**

The full MPAC oversight report is attached as **appendix 6.**

AGTERGROND

Ingevolge **artikel 129(1)** moet die raad van die munisipaliteit die jaarverslag van die munisipaliteit (en munisipale entiteit onder die munisipaliteit se alleen- en gedeelde beheer) oorweeg en teen nie later nie as **twee (2) maande** vanaf die datum waarop die jaarverslag aan die raad voorgelê is, 'n **toesigverslag goedkeur** wat die raad se kommentaar op die jaarverslag bevat. Dit moet 'n verklaring insluit of die raad:

- Die Jaarverslag met of sonder voorbehoud goedgekeur het;
- Die Jaarverslag afgekeur het; of
- Die Jaarverslag verwys het vir hersiening van daardie komponente wat hersien kan word.

Ingevolge **artikel 129(2)** moet die Rekenpligtige Beampte:

- **Raads- en raadskomiteevergaderings bygewoon het** waar die jaarverslag bespreek is met die doel om op vrae oor die verslag te reageer; en
- **Afskrifte** van die notules van daardie vergaderings by die Ouditeur-Generaal, die betrokke Provinsiale Tesourie en die provinsiale Departement van Plaaslike Regering **ingedien het**.
- **Artikel 129(3)** bepaal dat die rekenpligtige beampte binne sewe (7) dae ná goedkeuring 'n toesigverslag **openbaar maak** (in ooreenstemming met artikel 21A van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels).

Ingevolge MFMA artikel 127(5): Moet die rekenpligtige beampte van die munisipaliteit onmiddellik nadat die jaarverslag ingevolge subartikel (2) aan die raad voorgelê is–

(a) (i) Die jaarverslag openbaar maak; en

(ii) Die plaaslike gemeenskap uitnooi om vertoë in verband met die jaarverslag voor te lê;

Die Jaarverslag tesame met die Finansiële Jaarstate is op **22 Januarie 2016** aan die gekombineerde Prestasie- en Ouditkomitee vir oorweging en kommentaar voorgelê.

Die 2014/2015 Jaarverslag tesame met die Finansiële State is op **25 Januarie 2016** aan die Raad voorgelê en vanaf **26 Januarie 2016 tot 23 Februarie 2016** in die plaaslike koerante vir openbare kommentaar geadverteer. 'n Afskrif van die advertensie word as **BYLAE 1** aangeheg.

'n Kennisgewing is op **26 Januarie 2016** in die plaaslike koerante geplaas met inligting oor die vergadering wat vir die Munisipale Komitee oor Openbare Rekeninge gereël is en wat die publiek uitnooi om skriftelike insette in te dien en/of hulle insette aan die Munisipale Komitee oor Openbare Rekeninge voor te lê by 'n openbare verhoor wat vir **03 Maart 2016** gereël is. 'n Afskrif van die advertensie word as **BYLAE 2** aangeheg.

Kragtens MFMA 129(4) – Die Nasionale Tesourie kan riglyne instel oor –

(a) Die manier waarop munisipale rade jaarverslae moet oorweeg en openbare verhore moet hou; en

(b) Die funksionering en samestelling van enige komitee oor openbare rekeninge of toesigkomitee wat deur die raad ingestel is om met die oorweging van 'n jaarverslag behulpsaam te wees.

MFMA Omsendbrief Nommer 32 maak 'n aanbeveling oor die instelling van 'n toesigkomitee vir die volledige ontleding en hersiening van die jaarverslag en, nadat dit aan die raad voorgelê is, die ontvangs en hersiening van vertoë wat deur die publiek ingedien is, asook insette van raadslede en portefeuljekomitees van die raad, en om dan 'n toesigverslag op te stel wat aan die voltallige raad vir bespreking voorgelê kan word.

Die lede van die Munisipale Komitee oor Openbare Rekeninge is soos volg:

Raadslede:

Voorsitter: Rdl J Hendricks
Rdl C Lamprecht
Rdl A Cupido
Rdl M Plato
Rdl N Pieterse

Eksterne Lid: Voorsitter van die Ouditkomitee – Mnr. Lawrence

Die Munisipale Komitee oor Openbare Rekeninge het op die volgende datums vergader:

Datum	Doel van Vergadering	Plek	Tyd
09 Februarie 2016	Om vrae aan bestuur te stel oor die inhoud van die Finansiële Jaarstate en die Jaarverslag	Raadsaal	10h00
03 Maart 2016	Openbare verhore – Die plaaslike gemeenskap en enige staatsorgaan sal vertoë oor die jaarverslag kan rig.	Raadsaal	10h00
08 Maart 2016	Voorbereiding van die konsep-toesigverslag, met inagneming van die standpunte en insette van die publiek, verteenwoordigers van die Ouditeur-Generaal, staatsorgane, die Raad se Ouditkomitee en Raadslede.	Raadsaal	14h00

Notules van die verrigtinge van elke sessie/vergadering wat gehou is, word as **BYLAE 3** aanheg. Die vergadering wat vir **3 Maart 2015** gereël is, is gekanselleer weens 'n gebrek aan reaksie, aangeheg as **BYLAE 4**.

Kommentaar wat van die Provinsiale Tesourie ontvang is, word as **BYLAE 5** ingesluit.

Die volledige MKOOR-toesigverslag word as **BYLAE 6** aangeheg.

DISCUSSION

Public Involvement:

1. No written submission from the public was received on the Annual report.
2. The Annual Report Assessment received from Treasury is much appreciated and will be attended to.

The Annual Report Assessment from Provincial Treasury, findings and recommendations:

- Theewaterskloof Municipality 2014/15 Annual Report complies with legislation regarding tabling, publishing document for comments, submission to Provincial Treasury and placement on the website within the time frames prescribed in the MFMA section 121.
- The Executive Summary provides a comprehensive overview of the socio-economic reality in Theewaterskloof.
- The municipality is fully aware of the challenges faced especially with regards to its financial sustainability and is making a concerted effort to address these challenges in an innovative manner.
- Certain sections in the Municipal Manager's Foreword have been excluded as per MFMA 63 however it is noted that this information is reflected in other areas of the document.
- In Chapter 2, the annual report provides a transparent and thorough overview of governance within the municipality. This reflects well on the municipality's commitment to accountability to its citizens.
- The Service Delivery Performance Report included in pages 50-124 indicates that for the year 2014/15, the municipality reported on 76 targets of which only 67 are applicable to the reporting period as 9 KPIs were removed in the revised SDBIP. In order to improve accurate reporting, it is recommended that the municipality removes the KPIs that do not have actual targets for the reporting period from its annual report. The municipality achieved 73.1 per cent of its targets for 2014/15(49 out of 67 targets were met) of the 18 targets not achieved, the municipality has ensured that corrective actions will be taken to meets the targets in the future.
- For the 2014/15, the municipality has no services delivery backlogs with respect to basic water and sanitation services.
- The Theewaterskloof Municipality is commended for its overall effort in compiling the 2014/15 Annual Report. Reporting is of high standard and reflects useful and accurate information pertaining to the Municipality's performance during the year under review.

Recommendations for Improvement

1. A new approach is needed to solicit inputs from the public.
2. That the recommendation made by Provincial Treasury be considered.

A special vote of thanks and appreciation to the Municipal Manager, Mr Stan Wallace and his Management team for their contribution towards this process and ensuring compliance in terms of the MFMA.

The Municipal Public Accounts Committee wants to reiterate its disappointment that no member of the public commented on the Annual Report but appreciates the inputs and recommendations from the Provincial Treasury. The public's lack of involvement forfeited their opportunity to let their voices be heard.

The MPAC considered the final Annual Report as envisaged in the MFMA circular Number 32 and Section 129 of the MFMA and takes note of the comments from the combined Performance and Audit Committee.

Representatives of the Office of the Auditor-General and Provincial Departments of Local Government and Finance have been invited to attend the council meeting. The MFMA furthermore provides for members of the local community to address the council.

BESPREKING

Openbare Betrokkenheid:

1. Geen skriftelike voorlegging oor die Jaarverslag is van die publiek ontvang nie.
2. Die Jaarverslag-evaluering wat van Tesourie ontvang is, word hoogs waardeer en sal aandag geniet.

Die Jaarverslag-evaluering wat van Provinsiale Tesourie ontvang is, bevindings en aanbevelings:

- Theewaterskloof Munisipaliteit se 2014/15 Jaarverslag voldoen aan wetgewing ten opsigte van tertafellegging, publisering van dokument vir kommentaar, indiening by Provinsiale Tesourie en plasing op die webwerf binne die tydsraamwerke bepaal in artikel 121 van die MFMA.
- Die Bestuursopsomming bied 'n omvattende oorsig van die sosio-ekonomiese realiteit in Theewaterskloof.
- Die munisipaliteit is ten volle bewus van die uitdagings waarvoor hulle te staan kom, veral t.o.v. finansiële haalbaarheid en wend daadwerklike pogings aan om die uitdagings op 'n innoverende manier aan te spreek.
- Sekere gedeeltes van die Munisipale Bestuurder se voorwoord wat deur MFMA 63 vereis word, is uitgelaat maar kennis word geneem dat hierdie inligting in ander gedeeltes van die dokument weerspieël word.
- In Hoofstuk 2 bied die Jaarverslag 'n deursigtige en deeglike oorsig van korporatiewe beheer binne die munisipaliteit. Dit is 'n goeie aanduiding van die munisipaliteit se verbintenis om aanspreeklik teenoor sy inwoners te wees.
- Die Dienslewering Prestasieverslag ingesluit op bladsy 50-124 dui aan dat die munisipaliteit vir die jaar 2014/15 oor 76 teikens verslag gedoen het, waarvan slegs 67 op die verslagtydperk van toepassing is aangesien 9 SPA's uit die hersiene DLBIP verwyder is. Vir die doel van akkurate verslagdoening word daar aanbeveel dat die munisipaliteit die SPA's wat nie werklike teikens vir die verslagtydperk het nie, uit sy Jaarverslag verwyder. Die munisipaliteit het 73.1 persent van sy teikens vir 2014/15 behaal (49 uit 67 teikens is behaal). Met betrekking tot die 18 teikens wat nie behaal is nie, het die munisipaliteit verseker dat regstellende stappe gedoen sal word om die teikens in die toekoms te behaal.
- Die munisipaliteit het in die 2014/15 verslagtydperk geen agterstand in dienslewering ten opsigte van basiese water- en sanitasiedienste gehad nie.

- Die Theewaterskloof Munisipaliteit word geprys vir sy algehele poging in die samestelling van die 2014/15 Jaarverslag. Verslagdoening is van 'n hoë standaard en weerspieël nuttige en akkurate inligting oor die munisipaliteit se prestasie gedurende die oorsigjaar.

Aanbevelings vir Verbetering

1. 'n Nuwe benadering is nodig om insette van die publiek te bekom.
2. Dat oorweging geskenk word aan die Provinsiale Tesourie se aanbeveling.

'n Spesiale mosie van dank en waardering aan die Munisipale Bestuurder mnr Stan Wallace en sy bestuurspan vir hulle bydrae tot hierdie proses en dat hulle verseker het dat die MFMA nagekom word.

Die Munisipale Komitee oor Openbare Rekening wil weereens sy teleurstelling uitspreek dat geen lid van die publiek op die Jaarverslag kommentaar gelewer het nie, maar waardeer die insette en aanbevelings van Provinsiale Tesourie. Die publiek se gebrek aan betrokkenheid het hulle die geleentheid ontsê om hulle stem te laat hoor.

Die MKOOR het die finale Jaarverslag in beskouing geneem, soos beoog in die MFMA Omsendbrief Nommer 32 en artikel 129 van die MFMA, en neem kennis van die kommentaar van die gekombineerde Prestasie- en Ouditkomitee.

Verteenwoordigers van die Kantoor van die Oudit-Generaal en provinsiale departemente van Plaaslike Regering en Finansies is genooi om die Raadsvergadering by te woon. Die MFMA maak ook voorsiening vir lede van die plaaslike gemeenskap om die Raad aan te spreek.

LEGAL RESPONSIBILITIES

The process is driven by legislation as explained in detail under background. These include:

1. Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 0f 2003) (Chapter 12) (MFMA).
2. Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) (Chapter 6).
3. Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998).
4. MFMA circular No 32

WETLIKE VERANTWOORDELIKHEDE

Die proses word deur wetgewing gelei, soos volledig uiteengesit onder 'agtergrond'. Dit sluit in:

5. Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003 (Hoofstuk 12) (MFMA).
6. Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) (Hoofstuk 6).
7. Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998).
8. MFMA Omsendbrief Nommer 32

FINANCIAL RESPONSIBILITIES

None.

FINANSIËLE VERANTWOORDELIKHEDE

Geen.

CLIENT CARE IMPLICATION

None.

KLIËNTESORG IMPLIKASIE

Geen.

RECOMMENDATION BY MPAC TO COUNCIL :

The Municipal Public Accounts Committee, having fully considered the Annual Report tabled by the Executive Mayor at Council on 25 January 2016, recommends:

1. **That cognisance be taken of the Oversight Report on the 2014/2015 Annual Report of Theewaterskloof Municipality.**
2. **That the Council, having fully considered the Annual Report 2014/15, adopts the Oversight Report.**
3. **That the 2014/15 Annual Report of Theewaterskloof Municipality be adopted without reservation.**
4. **That the Oversight Report be made public in accordance with section 129(3) of the Municipal Finance Management Act (Act 56 of 2003).**
5. **That the Oversight Report be submitted to the Provincial Legislature in accordance with section 132 (2) of the Municipal Finance Management Act (Act 56 of 2003).**

AANBEVELING VAN MKOOR AAN DIE RAAD:

Die Munisipale Komitee oor Openbare Rekening, ná volledige oorweging van die Jaarverslag wat op 25 Januarie 2016 deur die Uitvoerende Burgemeester ter tafel gelê is, beveel aan:

1. **Dat kennis geneem word van die Toesigverslag oor die 2014/15 Jaarverslag van Theewaterskloof Munisipaliteit.**
2. **Dat die Raad, ná volledige oorweging van die 2014/15 Jaarverslag, die Toesigverslag goedkeur.**
3. **Dat die 2014/15 Jaarverslag van Theewaterskloof Munisipaliteit sonder voorbehoud goedgekeur word.**
4. **Dat die Toesigverslag openbaar gemaak word ingevolge artikel 129(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003).**
5. **Dat die Toesigverslag aan die Provinsiale Wetgewer voorgelê word ingevolge artikel 132(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003).**